

Vrydag 11 Mei

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:5-12

Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:11

Gelowiges leef uit die waarheid van eenstemmige getuienis

Die Christelike geloof is nie deur mense uitgedink en haarfyn “ontwerp” nie. Dit berus op die waarheid wat God geopenbaar het, en is in sy konkrete openbaringshandelinge in die tyd begrond.

Johannes se liewe kinders, wat hy vaderlik met teerheid aanspreek (letterlik: *my kinder-tjies*), word deur hom gewys op Jesus Christus wat deur water en bloed gekom het. Die *water* het betrekking op sy doop deur Johannes die Doper: Hy het deur in hierdie beke-ringsdoop in te gaan ons sonde op Hom geneem. Die *bloed* getuig van sy bereidheid om die skuld van ons sonde aan die kruis te vereffen.

Die twee gebeurtenisse aan die begin en teen die einde van sy openbare omwandeling op aarde word deur Johannes en sy mede-oog- en oorgetuies waargeneem. Hierop het hulle ook nog die opgestane Jesus se hemelvaart aanskou, sy wegvaar na die hemel waaraan sy kerk in hierdie dae dink. Dit is sy intronisasie aan die regterhand van die Vader.

Die waarheid word egter finaal bevestig deur die “derde” Getuie, die Heilige Gees, wat met sigbare tekens tien dae later op Pinksterdag uitgestort word. Die Gees is die getuie, en die Gees is die waarheid (vs 6b).

Die onherroeplike getuienis is dat Jesus die ware Seun van God is wat gekom het. In Hom wat die lewe is (5:11b; vgl. ook die Evangelie volgens Johannes, 14:6) ontvang ons die ewige lewe. Hierdie getuienis is nie 'n teorie nie, nie 'n kansvatsprong nie. Dit is die be-vestigde waarheid dat God die ewige lewe vir ons gegee het.

Sing: Psalm 119:53, 56, 60 (1936)

Dr. JP (Johannes) Bingle (Emeritus)